View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)



# DIT IS ONS ERNS

## MET ONS

# P.U. VIR C.H.O.!

Die Potchefstroomse Universiteitskollege is in 1922 in die Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer. Die P.U.K.-wet bevat nie die sog. gewetensklousule nie, maar die wet van die Universiteit van Suid-Afrika (Wet No. 12 van 1916) wel. Die gewetensklousle lui soos volg:

"25. Niemand mag op enigerlei wijze aangaande zijn godsdienstige gezindheid getoetst worden als voorwaarde om gegradueerde van de Universiteit of professor, lector, docent of student van de Universiteit te worden of blijven of om daarin een ambt, emolument of voorrecht te bekleden of te genieten, zullende tevens aan niemand de voorkeur gegeven of een voordeel onthouden worden op grond van zijn godsdienstige gezindheid."

Hierdie stand van sake moes die oprigters van die P.U.K. (nl. die Gereformeerde Kerk) aanvaar, maar hoewel die wet aan die P.U.K. 'n Raad verleen het wat die Christelike karakter van die inrigting kon handhaaf, kon die P.U.K. en sy ondersteuners met hierdie stand van sake geen vrede hê nie. Hulle het dan ook verkry dat in 1933 tot die Private Wet van die P.U.K. toegevoeg is dat sy naam sal wees „Die Potchefstroomse Universiteitskollege **vir Christelike Hoër Onderwys."** Tog staan dit volgens regsgeleerdes vas dat in geval van 'n aktuele botsing tussen die gewetensklousule en die naam van die P.U.K. eersgenoemde die beslissende instansie sal wees. Die wet wat gedurende die huidige sessie van die Volksraad behandel word en wat die P.U.K. vir C.H.O. tot 'n selfstandige universiteit as „Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys" moet verhef bevat die volgende klousule:

„31 (1). Die Raad moet by die benoeming van doserende, navorsende en administratiewe personeel sorg dra dat die christelik-historiese karakter van die Universiteit gehandhaaf word. Met dien verstande dat geen denominasionele toets toegepas word nie as voorwaarde om 'n graad aan die Universiteit te verkry of te behou of om 'n professor, navorser, lektor of dosent aan die Universiteit te word of te bly, of om daarin 'n amp te beklee of besoldiging te ontvang of 'n voorreg uit te oefen."

(2) Niemand word op grond van sy geloofsoortuiging verhinder om 'n student aan die Universiteit te word of te bly of 'n graad daarin te verkry of te behou nie."

Woordomskrywing: „39 (iv.). „denominasionele toets": die vereiste van lidmaatskap van enige Christelike Kerk.

Hierdie klousule maak (wat die wet betref) die P.U.K. tot 'n **Christelike** Universiteit. Die woordomskrywing verhinder tereg dat die P.U. verkerklik sal word, want 'n universiteit is volgens ons beginsel

geen kerklike inrigting nie; daarom kan Christene van verskillende kerke saamwerk as Christene. As die wetsontwerp nie aanvaar word nie sal die P.U.K. vir C.H.O. en al sy ondersteuners opnuut 'n stryd vir C.N.O. moet begin en die openbare mening moet oortuig dat die wet sy reg is. Hierdie artikel stel wat ons met klousule 31 beoog as die P.U.-wet deur Volksraad en Senaat aanvaar word.

* * *

**Dit is ons erns** om die nuwe en verhoogde verantwoordelikheid van die P.U. vir C.H.O. as selfstandige universiteit en wel as 'n grootse, van God gegewe roeping tot sy eer en verheerliking en tot heil van kerk, gesin, volk, staat en maatskappy te aanvaar. Ons sien die hele taak van ons universiteit „in U lig"; ons buig onvoorwaardelik onder die absolute soewereiniteit van God; ons aanvaar die gesag van Sy Woord ook op die gebied van die wetenskap; ons kom op vir die eer van Christus, Koning ook van die wetenskappe, en ons roep saam met prof. dr. A. Kuyper, die vernaamste stigter van die Vrije Universiteit te Amsterdam, uit: „Geen duimbreed is er op heel 't erf van ons menschelijk leven, waarvan de Christus, die aller Soeverein is, niet roept: ‚Mijn!' ". Die P.U. sien dan ook sy pretensieuse taak as 'n verantwoordelike roepingsvervulling, uiteindelik as 'n deelname aan die stryd tussen die Ryk van die Lig en die Ryk van die Duisternis op sy gebied.

* * *

Wetenskapsbou (o.a. navorsing, vorming en toetsing van verklarings en teorieë, kritiek op en ombou van verkeerde teorieë, selfkritiek veral ook t.o.v. die fondamente van die eie wetenskapsbeoefening) mag wel **as eerste taak** van die universiteit gestel word. Ons P.U. egter bou aan **Christelike** wetenskap.*

'n Wetenskap wat op elke terrein van ondersoek ook luister na wat die Woord van God aan die Wetenskap te sê het. Christelike wetenskapsbou is ons erns en 'n saak van ons gewete omdat ons die waarheid van Gods Woord glo en bely, omdat ons aanvaar dat die waarheid van Gods Woord en die waarheid van Gods skepping in God, die Waarheid rus en omdat ons geen dubbelslagtige wesens kan wees wat in ons godsdienstige lewe en in ons wetenskapsbeoefening botsende oortuigings te same huldig nie.

---

*In **Koers**, Augustus 1949 is gestel wat onder „Christelike eWtenskap" verstaan word. In hierdie artikel het 'n verwarrende drukfout ingesluip; die sin op bls. 8, reels 10—12 moet lees: **Christelike Wetenskap** aanvaar hierdie natuurwetenskaplike metode binne perke, verwerp die heersende eensydige voortrekkery en tirannie van hierdie metode en stel naas hierdie metode o.a. die metode van soek na wesensverskill.

**Dit is ons erns** nieteenstaande die feit dat, en te meer omdat, hierdie taak van 'n Christelike wetenskapsbeoefening moeilik is en grotendeels nog in sy beginstadium verkeer en omdat teenoor ons die oorgrote meerderheid van wetenskapsbouers staan, mense wat in hul wetenskaplike arbeid geen rekening met die lig van Gods Woord hou nie en die Christelike wetenskap sy bestaansreg misgun. Dit is dan ook 'n dringende eis dat die P.U. sy bestaan sal regverdig en in die komende jare 'n ryke oes van wetenskaplike vrugte sal afwerp en wetenskaplike arbeid sal bied wat allerweë erkenning sal **afdwing,** 'n eis wat vir elke navorsende en doserende personeellid geld.

As onderdeel van hierdie eerste taak van 'n universiteit kan gestel word, dat die wetenskap wat gebou is bewaar moet word. Dit geskied in biblioteke, asook deurdat met behulp van die geskrewe en die gesproke woord die wetenskap van geslag tot geslag oorgedra word.

Die bou en bewaar van Christelike wetenskap aan die P.U. vereis o.a. drieërlei:

Nougesette, volhardende arbeid met biddende opsien tot God is die eerste voorwaarde as ons seën verwag. Reeds die stigting van die P.U. as **Christelike** universiteit is 'n geloofsdaad met koene visie, 'n daad wat met gebed onderneem is; die arbeid aan die P.U. sal van geloofskrag moet getuig. Voorts sal weens ons hoë ideale en standpunt en om die eer van die naam van ons inrigting aan die P.U. harder gewerk moet word as elders. Elkeen van ons sal die kuns om op te offer, die kuns om die beste van ons kragte te gee sonder om telkens ekstra materiële beloninge te verwag moet verstaan en beoefen en in sy wetenskaplike roepingsvervulling self sy eintlike beloning moet smaak.

Ons sal—en dit is die tweede voorwaarde—in ons wetenskaplike arbeid 'n egte universitêre gesindheid moet bevorder en beoefen. **Universitas** beteken 'n geheel wat tot eenheid **(unus)** gevorm **(versus, verto)** is. Op grond van sy grondslag sal die P.U. die wetenskap as eenheid bevorder; nie as 'n kaleidoskopiese en dus onsamehangende veelheid van botsende standpunte, van mekaar weersprekende grondbeginsels en van mekaar fundamenteel bestrydende skole en strominge nie, al sal hierdie verwarring kritiese aandag geniet. Ons universiteit bely dat uit God, deur God en tot God alle dinge is, dat die hele wetenskap in al sy vertakkinge „in U lig" beoefen sal word en dat eenheid moontlik is omdat hier alle wetenskappe op dieselfde grondslag staan en dieselfde doel het. 'n Ware **universitêre** (d.w.s. op eenheid gerigte) gesindheid beteken dan ook die mees innige samewerking van die onderskeie wetenskapsboers en die mees intensiewe wisselwerking van hul onderskeie gebiede. Slegs in die mate wat ons 'n visie op die eenheid van ons wetenskapsbeoefening het, kan ons die wetenskap ten volle Christelik beoefen.

Die derde voorwaarde is dat die Raad van die P.U. vir C.H.O. pligsgetrou en offerbereid sy verantwoordelike taak sal behartig deur leiding te gee, te inspireer en te bemoedig en nie net senaatsbesluite te keur nie. Die Raad moet geleentheid daarvoor skep en daarvoor sorg dat sy staf wetenskaplike resultate lewer en publiseer. Die Raad moet voorts daadwerklike belangstelling toon in en intensiewe kontakte soek met personeel en studente en hul werksaamhede o.a. deur hulle in klasse en diverse vergaderings op te soek en toe te spreek. Maar veral sal die Raad sy verantwoordelikheid besef by benoemings van sy personeellede en daarvoor die hoogste eise stel, sodat i) die akademies mees bekwame persone en ii) persone wat van harte die grondslag en ideale van die P.U. onderskrywe, benoem sal word. Want middelmatige en onsterke kragte strem ons arbeid en is vir die toekoms van die P.U. en vir sy naam geen voldoende bate nie, terwyl hy wat nie met die beginsels en gees van die P.U. één is nie, sy naam nie getrou kan wees nie en 'n potensiële ondermyner van sy strewe is. Waar dit nie altyd maklik is om die hier omskrewe beste kragte te vind nie, sal die Raad volgens die spreuk „festina lente" (haas u langsaam) moet handel en eerder veelbelowende studente in die geleentheid stel om hulle te bekwaam as om minder gewenste benoemings te maak. Die Raad sal 'n deurwrogte toekomsvisie moet vorm en 'n belynde beleid moet ontwikkel, waarvolgens die P.U. uitgebou sal word en sal hierin veral aandag moet gee aan wetenskaplike gebiede waar ons beginsel die beste tot openbaring kom of waar besondere behoefte aan prinsipiële uitbou en voorligting bestaan.

* * *

Die wetenskap word gebou en bewaar om deur mense gebruik te word—nie om in bestuifde lêers weggeberg te word nie. Die oordrag van die wetenskap van geslag tot geslag is nie net 'n bewarende handeling nie, maar ook 'n opvoedkundige mag wel **as die tweede taak** van die universiteit gestel word. Hierdie taak is nie beperk tot onderrig aan en opvoeding van studente nie, want die taak van die universiteit reik veel verder. Deur die wetenskaplike en populêr-wetenskaplike publikasies van sy dosente en alumni in boeke en tydskrifte en deur openbare voordragte, kringlesinge en radiotoesprake help die universiteit die openbare mening vorm; ook gaan van universiteitsdosente leidende invloed uit deur hul deelname aan verskillende organisasies in die samelewing. Maar die studente is aan die universiteit as sy eerste sorg toevertrou en dit is sy taak om hulle met algemene en tegniese kennis toe te rus en tot selfstandige denke en navorsing bekwaam te maak en om hulle hierdeur te help voorberei vir die volheid van die latere lewe. Ons moet egter

onthou dat die kontak tussen dosent en student, die bybreng van kennis en die opleiding tot selfstandige ondersoek persoonlikheidsvormend is en nie sonder beginselbeïnvloeding geskied nie.

**Dit is ons erns** om ons studente deeglik op te lei in 'n Christelike wetenskap, 'n wetenskap wat op dieselfde wortel stoel as die godsdiens van hul vaders, om hulle sodoende te help om manne en vroue uit een stuk te word i.p.v. opportuniste wie se hoof en hart, wie se geloof en denke, wie se onderlinge oortuiginge bots. Ons wil jong manne en jong vroue wat wetenskaplik goed onderlê is en wat orals opkom vir ons Christelike beginsels en wel veral in hierdie onrustige, verwarde en ontwrigte tye, tye waarin die vyandskap teen die positiewe Christendom so toeneem. Ons wil ons jong mense vaste beginsels diep inprent waarvolgens hulle later selfstandig kan optree en hul jeugdige gemoed daardie vaste beginselspyse bied, waarna dit so ryklik smag. Hoe het nie juis ons tyd manne en vroue van stavas nodig nie! Ook in die breër laer van ons samelewing wil ons die voorligting van 'n Christelike wetenskap laat deurwerk en ons deel bydra om die openbare mening Christelik te vorm. Met ons arbeid wil ons ook wetenskapbouers wat die Skriflig ignoreer tot seën wees. Van die getuienis van die P.U. moet allerweë 'n kragtige invloed op heel ons kerklike en volkslewe uitgaan!

**In die derde plek** is die universiteit geroepe om studente vir die hoër beroepe, d.w.s. beroepe wat 'n akademiese voorskoling vereis, op te lei. **Dit is ons erns** om aan die betrokke beroepskringe **Christelik** gevormde onderwysers, politici, joernaliste, advokate, handelaars, industrie-voormanne, ensovoorts te gee wat tegnies en prinsipieel goed toegerus is om hul beroepspligte na behore te vervul en wat in hul beroepsarbeid hulle aan God en nie net aan menslike hoofde bo hulle verantwoordelik weet, manne en vroue wat egter nie hulself in hul beroep van die samelewing isoleer nie, maar hul beroepe as 'n deel van hul roeping verstaan en wat sowel in hul beroepslewe as in hul ruimere roepingslewe weet hoe om hul beginsels te handhaaf en wat juis uit hul beginsels geesdrif ontwikkel vir wat hulle te doen staan.

* * *

Die algemeen-akademiese en die professionele opvoeding bevat implisiet as taak wat ons eksplisiet **as vierde taak** van die universiteit kan stel, nl. die vorming van leiers vir die samelewing. Ons dink hier nie net aan groot leiers nie, maar aan elkeen wat kragtens sy universitêre opleiding in die kringe waarin hy hom beweeg leiding aanvaar, soos die predikant, die onderwyser, die prokureur, die industrievoorman, die bestuurslid en so meer. **Dit is ons erns** om deeglik toegeruste en Christelik prinsipieel gevormde leiers, wat hul plek in die samelewing ken en volstaan, te vorm,

leiers wat ten alle tye en oral diensbereid hul beste kragte gee omdat hulle hul hele lewe leer sien het as 'n van God gegewe roeping, manne en vroue wat nie huiwer om hul beginsels in die praktyk te bring nie en wel tot seën van kerk, gesin, volk, staat en maatskappy.

* * *

Die toekenning van akademiese grade en die uitreiking van universitêre diplomas mag wel **as vyfde taak** van die universiteit gestel word. Ons het hier te doen met 'n sosiale handeling gerig op sosiale erkenning en gebruikmaking, met 'n hoog-waardige bevoegdheid van die universiteit te doen. **Dit is ons erns** dat ons grade en diplomas bewysstukke sal wees van die hoogste standaard van wetenskaplike en professionele geskiktheid, m.a.w. dat hulle deur die vereiste teëprestasie van ons studente duur gekoop en geensins goedkoop sal wees nie, dat die samelewing op die hoë peil en besondere waarde van ons grade en diplomas altyd sal kan staatmaak, dat ons grade en diplomas meteen 'n getuienis sal wees van Christelik-prinsipiële gevormdheid, dat die besitters van hierdie besondere stempels van die arbeid aan die P.U. verrig op hul grade en diplomas trots mag wees en die eventuele diskrimineerder teen ons grade en diplomas (omdat ons **Christelike** wetenskap beoefen) die gronde van sy diskriminasie hom sien ontval. Terwille van ons grootse roeping en verhewe taak en omdat die P.U. tot eer en verheerliking van God arbei en Christus ook as Koning van die wetenskap aanvaar, terwille van die samelewing, van ons studente en ons universiteit self en terwille van sy naam is dit die hoë plig van elkeen van ons om met 'n tere jaloesie die hoë waarde van ons grade en diplomas te handhaaf en te beskerm. Met die toekenning van eregrade sal die P.U. besonder versigting en uiters spaarsaam moet wees. Hier veral verlaag indiskresie die waarde van ons grade en daarmee die naam van ons inrigting. Tereg het die Vrije Universiteit van Amsterdam 50 jaar gewag voordat hy 'n eregraad toegeken het.

* * *

Die universiteit staan midde in die lewe en moet die innigste kontakte met die samelewing soek. Dit impliseer **as sesde taak** van die universiteit dat hy sal saamhelp om spesiale en aktuele vraagstukke van kerk, gesin, volk, staat en maatskappy op te los. **Dit is ons erns** dat die P.U. die nouste kontak moontlik met die positief Christelike samelewing sal vind en oral waar sy hulp nodig mag wees spesiale probleme van die samelewing sal help oplos en wel volgens sy positief Christelike beginsels en sodoende sy deel mag bydra tot die uitwerking o.a. van ons C.N. Onderwys, C.N. Politiek, C.N. Handel, C.N. Naturellebeleid en ook tot praktiese sake, soos bv. grondbewaring en waterbewaring.

Bostaande ses take van die universiteit is opsetlik in die gegewe orde gestel, maar kan in kort saamgevat word as:

i). die bou en bewaar van die wetenskap in die algemeen en in diens van spesiale probleme van die sameleweing;

ii). die algemeen-akademiese opvoeding, die professionele opvoeding en die vorming van leiers; en

iii). die toekenning van akademiese grade en die uitreiking van universitêre diplomes. **Dit is ons erns** om dit alles aan te durf as 'n **vrye** universiteit, vry en soeverein in ons wetenskapsbeoefening, sonder staatsinmenging en sonder inmenging van die kerk. Ons wil geen verpolitiekte en ook geen verkerklikte universiteit hê nie. Vry teenoor volk, staat, politieke party, kerk en ander kringe, maar gebind aan sy grondslag, nl. die waarheid soos in Gods Woord en in sy skepping geopenbaar, wil die P.U. sy roeping aanvaar en verwesenlik, hoewel dit nie onder die groot universiteite gereken word nie. Op getalle kom dit uiteindelik nie aan nie; die Vrije Universiteit te Amsterdam het met vyf professore, drie fakulteite en enkele studente begin! Wat die P.U. groot maak is dat hy sy taak as 'n van God gegewe roeping sien wat hy tot die eer van God wil vervul, gehoorsaam aan sy stem. Hierin weet die P.U. dat hy hom op die Pad van die Boeretradisie bevind en in hierdie sin ware volksuniversiteit is.

**In hierdie artikel is net die Christelike karakter soos gestel deur Klousule 31 beklemtoon. Die Nasionale en dan die Christelik-Nasionale karakter van die P.U. spreek vanself.**

Die P.U. wil sy taak behartig nie net tot seën van die geesgenote wat hom dra nie, maar ook tot heil van die sekundêre wetenskap wat juis Christelike kritiek en voorligting so dringend nodig het en tot welsyn van heel ons land.

'n Besonder skone taak en heerlike ideaal het die raad, personeel en studente om te verwesenlik! Vir 'n baie groot deel hang die toekoms van ons P.U. van ons self af, van die **naam** wat ons vorm in ons wetenskapsbou, in ons opvoedkundige taak en in ons uitdeel van grade en diplomas. **Dit is ons erns** om in alles wat ons geroepe is om te doen 'n naam vir ons P.U. te vorm wat met ere gemeld sal word, wetende dat dit baie makliker is om ons naam te verloor, dat dit bykans onmoontlik is om 'n gesonde naam in ere herstel te kry en dat as ons selfs in 'n onderdeel van een van ons take ons naam verloor, die hele universiteit daaronder ly.

Maar ons arbeid sal nie moontlik nie of tevergeefs wees as die samelewing ook die teenoor die P.U. sy plig nakom, deur o.a. sy kinders te stuur en finansieel te steun nie, as m.a.w. die liefde en hulp van die samelewing en veral van die positief Christelike samelewing ontbreek.

Potchefstroom. H. G. STOKER.